
SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**2023**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir JA/NEE-, WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir JA/NEE, WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 1: LEESBEGRIP

### TEKS A: ARTIKEL

[Verwerk uit *Kuier,* 31 Maart 2022]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | stede/(klein) dorpies | 1 |
| 1.1.2 | (klein) dorpies/stede (geniet word) | 1 |
| 1.1.3 | blik/blikkie | 1 |
| 1.2 | "ég Suid-Afrikaanse"/"ég Suid-Afrika(aanse)"<br>*(Penaliseer nie indien die woord nie tussen aanhalingstekens is nie)* | 1 |
| 1.3 | D/dit glad nie sal eet nie | 1 |
| 1.4 | (Dit het bewys dat) pote en nekkies vol voedingstowwe is./Pote en nekkies is vol voedingstowwe./Dit is voedsaam/gesonde kos.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.5 | Shoprite | 1 |
| 1.6 | • Oorspronklike (geur)<br>• Kerrie (geur) | 1<br>1 |
| 1.7 | • Dit is 'n maaltyd wat (maklik) gerek kan word (sodat dit genoeg is vir 'n paar mense.)<br>• Dit is genoeg vir 'n paar mense.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.8.1 | voordele | 1 |
| 1.8.2 | Geblikte pote en nekkies/Dit ...<br>• is goedkoop.<br>• is in grootmaat beskikbaar.<br>• hou langer.<br>• is gerieflik./Jy kan dit vinnig voorberei./Na 'n lang werksdag kan jy net die blikkie oopmaak en die kos is gereed.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Die antwoord op Vraag 1.8.1 moet korrek wees om die punte by Vraag 1.8.2 te verdien.)* | 3 |
| 1.9 | • Hulle ken die hele storie agter die geblikte pote en nekkies.<br>• Hulle het die pad saam met Eiren en sy oupa geloop.<br>• Hulle weet dit het harde werk gekos./Hulle het saam hard gewerk.<br>• Hulle wou seker maak dat die besigheid 'n sukses is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.10.1 | F/Eiren het geleer om pote en nekkies te eet. | 1 |
| 1.10.2 | D/Die Drakes het met navorsing oor geblikte pote en nekkies begin. | 1 |
| 1.10.3 | A/Die Drakes het begin om pote en nekkies by hulle fabriek in te lê. | 1 |


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.10.5 | C/Mense kon geblikte hoenderpote en -nekkies in winkels koop. | 1 |
| 1.11 | • Erin bestuur nou die fabriek<br>• Hulle probeer nou om ...<br>  ○ hoenderlewer te blik.<br>  ○ hoenderkerrie te blik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.12 | • Eiren en sy oupa het **nie moed opgegee** om die navorsing oor pote en nekkies te doen nie/aanhou probeer totdat hulle goedkeuring gekry het.<br>• Tydens die Covid19-pandemie het hulle nuwe produkte begin vervaardig/**aangehou werk**.<br>• Alhoewel oupa Spencer se dood 'n groot terugslag/hartseer vir Eiren was, het hy die fabriek **oorgeneem/aangehou** planne maak.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.13 | Ek kan sien ...<br>• hoe lyk die persoon/Eiren oor wie die teks gaan.<br>• hoe lyk die produk/Tin Stuf waaroor die teks gaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TEKS B: VISUELE TEKS**
[Verwerk uit *TV Plus*, Junie 2022]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.14 | aksie | 1 |
| 1.15 | (Die) nuus | 1 |
| 1.16 | later | 1 |
| 1.17 | Afrika | 1 |
| 1.18 | "Komedie"<br>*(Penaliseer nie indien die woord nie tussen aanhalingstekens is nie.)*<br>*(Aanvaar oorskryffout. Aanvaar nie Engels 'comedy' nie)* | 1 |
| 1.19 | • Dit sê vir jou watter programme word uitgesaai.<br>• Dit sê vir jou hoe laat/wanneer die programme uitgesaai word.<br>• Dit gee vir jou meer inligting oor die programme/sê vir jou waaroor die program handel.<br>• Dit dui die ouderdomsgroep by flieks aan.<br>• Dit sê waar/op watter kanaal die program gesien kan word.<br>• 'n Mens kan maklik al die inligting sien./Die prente help jou.<br>• Jy kan makliker beplan vir die programme waarna jy graag wil kyk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING B: OPSOMMING**

**NASIEN VAN DIE OPSOMMING**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:** (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, **moet die feit nog sin maak** om die punt te verdien.)
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

  **Verduideliking:** Indien die kandidaat 6/7 korrekte feite het, maar een daarvan is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat 6/7 punte vir die 6/7 feite en 3 punte vir taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir die opsomming.

  Indien 2 of meer direkte aanhalings gegee is, ignoreer hierdie kategorie en beoordeel volgens die volgende kategorie.

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:** (**Direkte aanhaling:** 'n sin/deel van 'n sin woord-vir-woord volgens vraestel.)
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 4-5 direkte aanhalings: ken maksimum 1 punt vir taal toe
  - 2-3 direkte aanhalings: ken maksimum 2 punte vir taal toe

  **Verduideliking:** Indien 'n kandidaat in die hele opsomming net 1 direkte aanhaling gee en niks anders reg het nie, word net 1 punt vir die aanhaling gegee en geen punte vir taal nie.

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees nog VYF woorde verder en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2: OPSOMMING

### TEKS C: WAAROM DIT GOED IS OM JOU EIE GROENTETUIN TE MAAK
[Verwerk uit *growagoodlife.com*]

| | TEKS | | VERWAGTE ANTWOORDE |
|---|---|---|---|
| 1. | Ons leef in 'n gejaagde wêreld. Dit veroorsaak dat mense gestres is**. Dit is goed om iets te doen wat vir jou lekker is**. **Om jou eie groentetuin te maak sal jou rustig maak**. | 1. | Dit sal jou rustig maak.<br>*(Gaan oor hoe dit jou **laat voel**)*<br>Dit is goed om iets te doen wat vir jou lekker is. |
| 2. | Die meeste groente in die winkels word gepluk en in pakhuise gestoor totdat mense dit koop. Dan is hierdie groente nie meer vars nie. **Groente uit jou tuin is altyd vars.** | 2. | Jy sal altyd vars groente hê.<br>*(Gaan oor **vars**)* |
| 3. | **Groente in supermarkte word in klein pakkies verpak en is duur**. **Groente uit jou eie tuin sal jou minder kos.** Die geld wat jy só spaar, kan vir ander belangrike dinge gebruik word. | 3. | Groente in supermarkte is <u>duur</u>./Dit sal jou minder kos./Dit is <u>goedkoper</u>./Dit sal jou geld spaar.<br>*(Gaan oor die **prys**)* |
| 4. | Party van die groente wat in winkels verkoop word, is met gevaarlike gifstowwe teen insekte gespuit. Hierdie middels is sleg vir jou. **In jou eie tuin kan jy natuurlike middels teen insekte gebruik.** | 4. | Jy kan natuurlike middels teen insekte gebruik./Die middels wat jy teen insekte gebruik, sal jou nie siek maak nie.<br>*(Gaan oor **middels wat sleg is** vir jou)* |
| 5. | **Daar kom soms siektes soos salmonella voor in die groente wat ons by winkels koop. Groente uit jou eie tuin verminder die kans dat jy siektes kry.** | 5. | Jy kan siektes klry van groente wat jy in 'n winkel koop./As jy groente uit jou tuin eet, sal jy nie maklik siek raak nie.<br>*(Gaan oor **siektes**)* |
| 6. | Oefening is belangrik vir jou gesondheid. Dit laat jou goed voel. **Dit is goeie oefening om in die tuin te werk.** | 6. | Om in die tuin te werk is goeie oefening./Tuinmaak is goeie oefening.<br>*(Gaan oor tuinmaak is **oefening**)* |
| 7. | Ons is lang tye binne in die huis. **Wanneer jy tuinmaak, is jy in die buitelug.** Dit is goed vir jou. | 7. | Jy kry kans om in die buitelug te wees.<br>*(Gaan oor **buitelug**)* |
| | **GETAL WOORDE = 200**<br>**( ± 200 woorde – Disjunktief)** | | **GETAL WOORDE = 49**<br>**(50 – 60/65 maksimum)** |
| | | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

1. Spelling:
   - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
   - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meervoudigekeuse-vraag.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

**TEKS D**
[Verwerk uit *Kuier,* 31 Maart 2022]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | (Jy sal) egte goedheid geniet. | 1 |
| 3.2 | • Dit is die adverteerder se opinie.<br>• Nie almal stem saam met die adverteerder nie.<br>• Daar is nie bewyse dat ander lemoensap nie lekkerder/ beter/gesonder is nie.<br>• Daar kan dalk ander lemoensappe wees wat lekkerder/ beter/gesonder is.<br>• Daar is geen navorsing gedoen om te bewys watter lemoensap die beste is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.3 | Alle kinders sal **nie** hiervan hou **nie**. | 1 |
| 3.4 | "Fantastiese"/"Fantasties"<br>*(Penaliseer nie indien die woord nie tussen aanhalingstekens is nie.)*<br>*(Aanvaar indien 'n oorskryffout gemaak is)* | 1 |
| 3.5 | gesonde | 1 |
| 3.6 | beklemtoon (dat) | 1 |
| 3.7 | "Met liefde gemaak"/"sal hiervan hou"<br>*(Penaliseer nie indien die woord nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |
| 3.8 | B/te manipuleer om hierdie lemoensap te koop. | 1 |

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



| | | |
|---|---|---|
| 3.9 | Mense wat ...<br>• van vars/suiwer (lemoen)sap hou.<br>• van lemoensap/lemoene hou.<br>• gesond wil leef.<br>• van *Clover* se produkte hou.<br>• van vrugtesap hou<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.10 | • Die advertensie handel oor lemoene.<br>• Dit versterk die idee dat die advertensie oor lemoene/lemoensap gaan.<br>• Dit vestig die leser se aandag op dit waaroor die advertensie gaan.<br>• Dit rond die advertensie beter/op 'n interessante/kreatiewe manier af.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[10]** |



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**
[Verwerk uit Zitts]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | verbaas | 1 |
| 4.2.1 | • Hy hou sy kop vas.<br>• Sy oë is toe.<br>• Hy kyk weg.<br>• Sy mond is rond/oop. *(Aanvaar nie "groot" hier nie)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.2.2 | Jeremy gewoonlik nie in die tuin wil help nie | 1 |
| 4.3 | Daar is 'n ellips/kolletjies/.../stippels/beletselteken. | 1 |
| 4.4 | B/sy wil haar boodskap beklemtoon. | 1 |
| 4.5.1 | "wéér"/"weer"<br>*(Penaliseer nie indien die woord nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |
| 4.5.2 | jou | 1 |
| 4.6.1 | (Pa skree dat Jeremy) gehok is. | 1 |
| 4.6.2 | • Sy mond is groot oop.<br>• Sy woorde is in hoofletters.<br>• Daar is uitroeptekens/!<br>• Die woorde is vetgedruk/donker gedruk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.7 | • Jeremy/Hy sug.<br>• Hy leun op sy arms.<br>• Sy skouers hang/is gesak.<br>• Hy maak nie sy sin klaar nie/sit op 'n hopie.<br>• Hy dink/sê hy is vir altyd gehok.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[10]** |

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 5.1**

**TEKS F**
[Verwerk uit *Kuier*, 20 Januarie 2022]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | haarsalon | 1 |
| 5.1.2 | dor + pie/dor – pie | 1 |
| 5.1.3 | salon**ne** *(sp)* | 1 |
| 5.1.4 | (Sy het later besluit) **om** haar eie besigheid **te** begin. | 1 |
| 5.1.5 | skoonsuster *(sp)* | 1 |
| 5.1.6 | **S**ondag | 1 |
| 5.1.7 | 'n | 1 |
| 5.1.8 | weekliks *(sp)* | 1 |
| 5.1.9 | Sy het eers 'n klein bedraggie gevra, **maar** (sy) het gesien die oumense het nie geld nie.<br>*(Kandidaat word nie gepenaliseer indien die komma ontbreek nie)* | 1 |
| 5.1.10 | gratis/kosteloos/mahala | 1 |
| 5.1.11 | Haar droom **was** nog altyd om 'n salon te open. | 1 |
| 5.1.12 | adres | 1 |
| 5.1.13 | plek**kie** *(sp)* | 1 |
| 5.1.14 | • Die **deur** is toe. *(struktuur wat 'n opening toemaak)*<br>• Hy is **deur**. (*geslaag*)<br>• Ek ken hom **deur** en deur. (*baie goed/heeltemal*)<br>• Die koop van die huis is **deur**. (*afgehandel*)<br>*(Enige sin waar **deur** nie as voorsetsel gebruik word nie)* | 1 |

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 5.2**

**TEKS G**
[Verwerk uit *Shuttertock.com*]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | Televisie/televisie *(sp)* | 1 |
| 5.2.2 | vriendelik**ste** *(sp)* | 1 |
| 5.2.3 | op | 1 |
| 5.2.4 | kort *(sp)* | 1 |
| 5.2.5 | kwas | 1 |
| 5.2.6 | stoel<br>*(Spelling tel nie, maar antwoord moet naastenby foneties soos "stoel" klink. Die woord mag ook nie die betekenis verander nie.)* | 1 |

| |
|---|
| **[20]** |
| **TOTAAL AFDELING C: 40** |
| **GROOTTOTAAL: 80** |



SA EXAM PAPERS